Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
2 Desember 2018

Eredienste vandag

09:00	**Jaco Kruger**
Teks:	Openb. 12:1-6 en Rom. 8:18-25
Tema:	"Geboortepyne"

- Die **DOOP** word op 9 Desember by die eerste oggend erediens bedien.
- **NAGMAAL** word op 16 Desember bedien by al die eredienste.
- **Rassie** is met langverlof van 12 November tot 12 Desember.
- Peet is met verlof van 29 November tot 9 Desember.
- **PREEKROOSTER:**

Datum	**08:30 en 10:30**	**18:30**
9 Des	Jaco	Geen
Datum	**09:00**	**18:30**
16 Des	Peet	Geen

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Hendrika vd Walt wat in Unitas hospitaal opgeneem is.
- André Sandilands wat tandchirurgie ondergaan het.
- Adeleen Erasmus (1jaar), dogtertjie van Danie en Aileen, wat in Kloof hospitaal opgeneem is.

HARTLIK GELUK AAN:

- Matthys en Alida Reyneke met die geboorte van hul seuntjie, Marcus.

Eredienstye Des. en Jan.

	08:30	09:00	10:30	18:30
02 Des		✓		
09 Des	✓		✓	
16 Des		✓		
23 Des		✓		
25 Des		✓		
30 Des		✓		
06 Jan	✓			
13 Jan	✓		✓	✓
20 Jan	✓			✓
27 Jan	✓		✓	✓

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Afgesluit. Hervat 15 Januarie 2019.
- **Vroue Bybelstudie:** Afgesluit. Hervat 15 Januarie 2019.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- **Borg-'n-Bybelprojek**. Plaas vol houertjies in gemerkte houer in saal.

Engelse leesboekies: Die Missio Dei skool in Ficksburg is op soek na gebruikte engelse leesboeke vir laerskoolkinders. Laat asb. die boekies in die saal.

Hartlik dankie, David Bodenstein. Jy het jou weer eens goed van jou taak gekwyt. Die plante in die portaal en die kerk lyk pragtig!

Die **Pakhuis** sal gesluit wees van 12 Desember tot 9 Januarie

Basaar 2 Maart 2019:
Skryf jou naam op die bord waar jy betrokke wil raak. Skoon, bruikbare artikels, klere, huisraad, leë roomysbakke, blikkies, potte ens. kan in die saal gelaat word. Skenkings vir lekkergoed kan in die houer by die bord gelaat word.

Nominasies vir diakens en ouderlinge kan aan die kerkkantoor deurgegee word by 0129911395 of kantoor@gkwapadrant.co.za

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges:** Afgesluit
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6):** Afgesluit
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12):** Afgesluit

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.